**admin@nbu-ntu.co.za**

| | |
|---|---|
| **From:** | admin@nbu-ntu.co.za |
| **Sent:** | Tuesday, 08 August 2023 10:55 |
| **To:** | 'yvanderberg@mosselbay.gov.za'; 'Steyn, Douw'; 'cpuren@mosselbay.gov.za'; 'admin@mosselbay.gov.za'; 'nslabbert@mosselbay.gov.za' |
| **Cc:** | 'Kotzé, Dirk'; ': 'Conradie, Willie''; 'Westerberg, Erlene' |
| **Subject:** | Aanlyn (MS Teams) - Openbare Gemeenskap Vergadering van die MGEV en NBU om die sake van Mosselbaai Munisipaliteit te bespreek. |
| **Attachments:** | Gemeenskap vergadering Vergadering 7 - 10 Augustus 2023 18H00 aanlyn.pdf; Die Grondwet van RSA.pdf |

MGEV www.mgev.co.za en NBU www.nas-bel-unie Uitnodiging

**<u>SONDER DIE BENADELING VAN DIE REGTE VAN DIE MGEV EN DIE NBU.</u>**

Uitnodiging aan die Mosselbaai Munisipaliteit om die aanlyn openbare vergadering by te woon van 10 Augustus 2023.

Vanaf die MGEV se kant oor die gemeenskap vergadering:

Almal is Welkom om die vergadering by te woon. Enige verteenwoordiger van politieke partye enige Raadslid van enige munisipaliteit in die land enige amptenaar of hooggeplaaste in die Staat sektor van bo tot onder is welkom.

DIE ENIGSTE PAD NA SUKSES IS GEEN GEHEIME MEER VIR MEKAAR NIE SOOS DIE GRONDWET VAN RSA DIT UITSPEL.

Die enigste vereiste sluit aan by die openbare vergaderings deur die dokument aanlyn te voltooi. https://nbu-ntu.co.za/grond-eienaars-verenigings/

Die gemeenskap en grond eienaars van Mosselbaai het bymekaar gekom meer as 1300 siele tans op ons databasisse het so 'n vergadering versoek.

Die slotsom is, ons die MGEV en NBU wil niemand aanvat nie, wil niemand te nakom of baklei nie.

Daar word nie na ons mening nie na ons belange gekyk nie daarom die vergadering.

Ons die gemeenskap wil net self na ons eie belange begin omsien.

Die Grondwet van die Republiek Van RSA word aangeheg vir u Kennisname.

Bladsy 126 van die Grondwet

**Selfbeskikking**

235. Die Suid-Afrikaanse bevolking as geheel se reg op selfbeskikking, soos in hierdie Grondwet vergestalt, belet nie, binne die raamwerk van dié reg, die erkenning nie van die konsep van die reg van enige gemeenskap wat ŉ gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel, op selfbeskikking binne ŉ territoriale entiteit in die Republiek of op enige ander wyse, soos deur nasionale wetgewing bepaal.

Bladsy 8 van die Grondwet:

**Vergadering, betoging, linievorming en petisie**

17. Elkeen het die reg om vreedsaam en ongewapen te vergader, te betoog, ŉ betooglinie te vorm en petisies voor te lê.

Bladsy 14 van die Grondwet:

## Regverdige administratiewe optrede

33. (1) Elkeen het die reg op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is.

(2) Elkeen wie se regte nadelig geraak is deur administratiewe optrede het die reg op die verskaffing van skriftelike redes.

(3) Nasionale wetgewing moet verorden word om aan hierdie regte gevolg te gee, en moet–

(a) voorsiening maak vir die hersiening van administratiewe optrede deur ŉ hof of, waar dit gepas is, ŉ onafhanklike en onpartydige tribunaal;

(b) die staat verplig om aan die regte in subartikels (1) en (2) gevolg te gee; en

(c) ŉ doeltreffende administrasie bevorder.

Tydens die vergadering gaan die gemeenskap hulle klagtes en vrae vra aan die wat verantwoordelik is vir hulle funksies.

Alle partye word die geleënheid gegee vir 30 werksdae om skriftelik te reageer op die klagtes ontvang.

Tydens die volgende vergadering 30 - 40 werksdae later sal die antwoorde op die klagtes eerste hanteer word op die vergadering.

Indien die probleem opgelos is of nog op hande is sal die feite ook tydens die 2 de vergadering behandel word.

Alle vergaderings gehou sal op Video geneem vir en aan die algemene publiek beskikbaar gestel word.

Vriendelike Groete

Johan Grabe

Voorsitter

MGEV